**Sunette Bridges sing gister by 'n teenmisdaadkonsert in Hartbeespoort.** | FOTO: REINT DYKEMA

# Misdaad duurder as oorlog – Solidariteit

**CARIEN KRUGER IN PRETORIA**
carien.kruger@rapport.co.za

Die koste van misdaad in Suid-Afrika kan meer wees as die van oorlog, sê die Solidariteit-navorsingsinstituut (SNI).

Dié stelling kom aan die vooraand van Solidariteit se nasionale protesdag teen misdaad Woensdag.

Mnr. Johan Kruger, hoof van die SNI, sê die Verenigde Nasies het in 2008 bevind die koste van geweldmisdaad kan die van oorlog oorskry. En die SNI se studie toon dit kan waar wees in Suid-Afrika.

Die studie het gekyk na die koste van die instandhouding van die strafregstelsel, die koste van misdaad vir individue en sakeondernemings, en die stremmende effek van misdaad op ekonomiese groei en vooruitgang.

"Hoewel die emosionele effek van misdaad baie belangriker geag word, is die ekonomiese implikasies van misdaad nog relatief onbekend. Die studie het egter bevind dit is geweldig groot," sê Kruger.

**Hoewel die emosionele effek van misdaad baie belangriker geag word, is die ekonomiese implikasies van misdaad nog relatief onbekend. Die studie het egter bevind dit is geweldig groot.**

Hy beskryf die ondoeltreffendheid van die strafregstelsel as skokkend, gemeet aan die geld wat jaarliks hiervoor begroot word.

Terselfdertyd bring misdaad vir ondernemings nie net verliese aan geld en gesteelde of beskadigde goedere mee nie, maar het dit volgens 'n studie deur die presidensie in 2007/'08 ook 'n ernstige indirekte invloed.

Dit sluit in die koste van 'n onderbreking in sake, verlies aan personeel se kundigheid en hoër versekeringspremies.

Volgens Kruger het navorsing gewys ondernemings wat deur misdaad geraak is, is minder geneig om hul personeel uit te brei, en 76% betaal vir sekuriteitsdienste, terwyl die wêreldgemiddelde 57% is.

"Die probleem van misdaad is so groot dat sowat 30% van ondernemings dit as 'n ernstige stremming op belegging beskou."

Kruger sê die tyd is ryp vir die regering om die moontlikheid van belastingvrystelling op sekuriteitsverwante produkte en dienste te ondersoek.

➔ Altesame 307 dorpe is besig met die laaste reëlings vir Solidariteit se misdaadprotesaksie Woensdag. (Lees meer by www.misdaadprotes.co.za.)

Dr. Dirk Hermann, uitvoerende adjunkhoof, sê memorandums gaan van die Wes-Kaap tot in die noorde in dorpies en stede aan die polisie oorhandig word.

Op die platteland gaan talle ondernemings sluit en verskeie skole gaan deelneem aan optogte of leerlinge gaan rooi aantrek.

"Ons doen ook 'n beroep op gemeenskappe om in samewerking met die polisie betrokke te raak by gemeenskapbeveiligingsaksies."

Honderde mense het gister in Hartbeespoort 'n misdaadprotes-konsert bygewoon waar verskeie bekende plaaslike kunstenaars opgetree het.